

Inligtingsvergadering rondom grondonteieningswet

Die hoofbestuurder van TLU SA, Bennie van Zyl, het op Vrydag, 26 Januarie 2018 by die Heilbron Golfklub vir die boere van die omgewing meer inligting kom deurgee in verband met die grondonteieningswet.

Die vergadering is geopen deur skriflesing en gebed wat gedoen is deur Ds. Braam van Zyl. TLU SA is alreeds ongeveer 120 jaar oud, wat hul as die oudste landbou instansie laat bekend staan. Van Zyl meen dat TLU SA net een doel het en dis om sy lede veilig en volhoubaar op hul grond te hou. Talle boere se kele trek toe as hul net dink aan die populistiese aankondiging wat Cyril Ramaphosa onlangs gemaak het oor die onteiening van grond sonder vergoeding. Daar is talle situasies wat hierdie saak kompliseer, naamlik:

- Daar is geen skeidslyn tussen die ANC of die regering nie,
- Daar is voortdurende konflik tussen ideologie en die realiteit,
- Die Vryheidsmanifes, Strategy and Tactics en die Nasionale Demokratiese Rewolusie rig die ANC se optrede.

Die ANC gaan in die tyd vorentoe noodwendig fokus op maniere om stemme te kan werf sodat hulle die kwynende ondersteuning

kan omdraai. Volgens van Zyl gaan 'n paar aspekte plaasvind:

- Sterk fokus gaan geplaas word op eenheid in hul geleedere met die besef dat hul kans in die 2019 verkiesing daarsonder net nog kleiner gaan wees;
- Die belofte van grond is nog deurentyd gemaak en vir hoe lank sal die massas maar tevrede wees met net die beloftes? Die dringendheid wat mnr. Ramaphosa openbaar rondom onteiening sonder vergoeding kan nie ligtelik opgeneem word nie;
- Daar sal voorts gefokus word op radikale ekonomiese hervorming. Mens sou verwag dat mnr. Ramaphosa behoort te weet dat rykdom geskep word deur harde werk.
- Heelparty aksies sal geloods word rondom die jeug om hul steun te verkry. Gratis opleiding was dalk die begin daarvan.
- Die moontlikheid bestaan ook dat die ANC sosiale toelae en HOP huise, wat inderdaad staatsgeld is, tot eie voordeel kan gebruik met die bedekte dreigement van die verlies daarvan indien daar nie vir die ANC gestem gaan word nie.

Die grondwet artikel 25.1 praat van ontnem, maar geen indikasie word gegee vir vergoeding nie, waar grondwet artikel 25.2

weer praat van onteiening, maar onteiening met billike vergoeding wat daar moet wees. Dit lui ook dat daar onder andere vyf aspekte om prys te bepaal in ag geneem moet word. Dit sluit in die geskiedenis van die grondbesit, die huidige gebruik, markwaarde, die geskiedenis en die doel van hierdie onteiening. Alhoewel die ANC sê hulle gaan onteien sonder vergoeding is daar nog 'n pad te stap om daarby uit te kom. Daar is genoem dat hulle eers 'n konferensie gaan hou waar daar besluit sal word oor hoe dit gaan plaasvind. Die CEO Forum se stuurkomitee het

reeds verlede jaar in Oktober 'n skrywe aan die minister gerig in verband met die onteiening sonder vergoeding wat toe reeds op hul konferensie se sakelys geplaas was om die uiters negatiewe gevolge vir die ekonomie uit te wys, maar geen antwoord is verkry nie. "Dit wek bekommernis oor waarmee die regering besig is." sê van Zyl. Boere is versoek om voluit te boer en betrokke te raak by daardie organisasie wat hul oortuiging die beste ondersteun.

Dit is nou tyd om kollektief 'n positiewe verskil te maak.



Op die foto vl: Bertus van der Westhuizen (Voorsitter) en Bennie van Zyl (Hoofbestuurder van TLU SA)



Briewe aan:

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell, van Huis Bron-van-Heil, Heilbron gerig aan die redakteur.

Somtyds kry jy skielik sulke herinneringe uit die verlede. Ek onthou nog dat my ma net eenmaal vermaan het en as ons nie gehoor gegee het nie, dan moes "moeggepraat" die res doen. (Wonder wie onthou nog "moeggepraat" wat óók die plak genoem is, om ons "vuurwarm" mee te klop).

Daarna moes ons, teen ons sin, gaan sê "Ek is jammer dat ek ongehoorsaam was". Al het jy baie goed geweet jy was stout en ongehoorsaam, het jy gevoel dit was darem nie regverdig vir 'n pak slaag nie. Nog half warm onder die kraag gaan jy maar, met daardie kastige hartseer trek op die gesig, dat ma dalk sal sien, ek is regtig jammer, al was dit net skyn jammer. My oudste sussie, die parmantigste van ons drie het meer begrip gehad vir die tugtiging en het dadelik die mooi gesindheid geopenbaar, en opreg gaan sê: "Ek is

Redakteur

jammer."

Ma wou net leer gehoorsaamheid is 'n groot deel van die opvoeding proses, al moes "Moeggepraat" sy kant bring. Dissepline in die opvoeding is die eintlike ding! 'n Sielkundige het eenker gesê: "n Kind wat nie dissipline geleer word nie is 'n onseker kind."

Hessel van der Walt (bekende sanger) vertel hy't altyd vir sy seun gesê, hy tug hom omdat hy hom lief het. Hy sê, en eendag moes sy seun weer kom vir sy sarsie pakslae, en met betraande gesig sê hy "ek is darem nou só moeg vir hierdie soort van liefde!"

Toe wonder ek, het pa dan nie hom ingelig wat hy met daardie soort liefde bedoel nie! "Moeggepraat" of te *not*, ons het geen skade opgedoen, maar ons is wel gedisseplineer!

		3	9	2			
4			3			1	
2	7						
	1	3					8
	5	1	6	7		3	
3				8		6	
						5	3
	3		8				9
		6	2	1			

SUDOKU

Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

Varsprodukte mark 'n reuse sukses

Die nuwe eienares van Oelala het behoorlik uitgehaal en gewys tydens Saterdag se Varsprodukte mark wat 'n reuse sukses was. Die weer het lekker saam gespeel. Dit was 'n sonnige dag met 'n ligte briesie wat almal koel gehou het. Altesaam sewe uitstallers het hierdie heerlike dag mee gedeel. Van vars brode, groente, kruie, eiers, ingelegde goedere tot selfs nagereg, melkskommels en spookasem met springmielies het ongeveer 150 mense gelok. Pragtige kaasborde met kaas, konfyt, vrugte en biltong was ook beskikbaar. Baie goeie terugvoering is ontvang na die afloop van die dag. Oelala beoog om weer die 3de Maart nog só 'n mark te hou, met talle meer uitstallers.

